DIE NOODSAAKLIKE ONAANGENAAMHEID

BRAND SMIT



Die noodsaaklike onaangenaamheid

vertelling van pogings om geld te maak
verslag met versamelde insigte

BRAND SMIT

Eerste uitgawe 2018

Buiteblad: Knipsel uit *Black Cobra*, Vol 1 No 3 (Maart 1955)

INHOUD

INLEIDING

Hierdie versameling is deel van ’n reeks bundels. Elke bundel handel oor ’n bepaalde tema. Die materiaal sluit in notas, en opstelle. Van die teks is geskryf om gelees te word, en ander stukke is oorspronklik geskryf net om myself te herinner aan iets.

Beskikbare titels, in beide digitale en gedrukte formaat: *In die greep van ketters – of, Die Christen*; *Nie tafel, hond of potlood nie*; *Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan*; *Solank jy staande bly ...*; *Die noodsaaklike onaangenaamheid*; *Die volwasse lewe*; *Oor skryfwerk en die skrywer*; *Ballingskap*; *Dertien minute op ’n Saterdagaand*; *Tyd vlieg nie regtig nie*.

Meer inligting is beskikbaar op BRANDSMIT.NET.

Wie is die skrywer?

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

Waaroor gaan hierdie bundel?

Deels vertelling van ’n 20-jaar periode toe ek geworstel het met wat ek beskou het as die “noodsaaklike onaangenaamheid” van om te probeer geld maak, en deels verslag met insigte wat ek opgetel het in die proses.

* * *

Op Sondag 7 Desember 2014 skryf ek:

’n Vreemde gedagte het onlangs by my opgekom: om myself te posisioneer as iemand wat advies gee oor die onderwerp van geldmaak van die huis af. Ek het selfs gedink om soos honderde ander sogenaamde internet bemarkers ’n e-poslys op te bou van mense wie ek sal kontak elke keer wanneer ek ’n nuwe stuk geskryf het oor die onderwerp, of wanneer daar ’n nuwe produk op die mark kom waarby my lesers baat sal vind.

Hoekom sal ek dit nie doen nie? Omdat die onderwerp kontroversieel is? Omdat sommige verkopers van inligting oor hoe om geld te maak van die huis af lae en gemene kriminele is?

Oukei, dis nie regtig ’n komplekse saak nie. As iemand my tien jaar gelede gevra het of ek eendag in ’n posisie sal wil wees om vir mense praktiese advies te gee oor hoe om ekstra geld te maak, sou ek sonder om te aarsel ’n monoloog in die sitkamer afgesteek het oor hoeveel beter die wêreld sou wees as gevolg daarvan.

Ek hoef nie eens geld te maak daarmee nie – dit kan 99% van die tyd net my bydrae wees om ander mense te help. Het ek nie immers reeds jare se persoonlike ervaring op die gebied nie? Het ek nie immers reeds genoeg kennis opgedoen om so iets te kan doen nie? Hoekom moet ek langs die kantlyn staan as ek in werklikheid vir ander mense advies kan gee – of hulle kan waarsku wat om nie doen nie, of as ’n voorbeeld kan dien oor hoe om nie te werk te gaan nie?

* * *

Die eerste stuk dateer van Mei 1996 toe ek in my ouer suster se woonstel in Arkadia, in Pretoria, gewag het om Suid-Korea toe te gaan. Ek was desperaat vir die geleentheid in Korea om uit te werk: Ek het nodig gehad om geld te verdien, en ek het nodig gehad dat my lewe ’n bepaalde rigting ingaan.

Die tweede stuk is geskryf in Maart 1998, na amper twee jaar in Suid-Korea. Kort na ek nog ’n opinie noteer het in April, het ek teruggegaan Suid-Afrika toe.

Die volgende stukke teks dateer van die agt maande wat ek meestal in Johannesburg gespandeer het in 1998, voor ek Taiwan toe gekom het.

Die res van die materiaal is geskryf in Taiwan tussen 1999 en 2017.

Sonder geld is jy ’n boemelaar

Maandag 27 Mei 1996

Ek leef nou al vir dertien en ’n halwe maande die lewe van ’n swerwer: min geld, geen inkomste, skuldeisers wat my reuk probeer optel, geen tuiste van my eie nie, besittings wat oor die hele land versprei is, en geen bevredigende antwoord op die lastige vrae by sosiale geleenthede nie.

“Wat,” sal ’n belangstellende persoon vra, “het jy geleer uit die lewe wat jy hierdie afgelope dertien en ’n halwe maande geleef het, en steeds leef?”

Die antwoord is eenvoudig – geld. Sonder geld het jy niks, en is jy niemand nie. Sonder geld kan jy nie jou lewe konformeer tot die styl en standaarde van die gemeenskap nie; gevolglik word jy nie ernstig opgeneem nie. Sonder geld is jy afhanklik van, en oorgelaat aan ander se genade; gevolglik moet jy jou leefstyl en jou persoonlikheid aanpas (of inperk) om nie jou beskermer en voorsiener te ontstel nie.

Die wêreld is nie gemaak vir mense sonder geld nie. Tydskrifartikels word nie geskryf vir mense sonder geld nie. Sonder geld bly drome net … drome. Sonder geld kan jy nie werklik jouself verbeter nie. Jy kan nie inskryf vir ’n kursus in interior design of gourmet cooking nie, want jy kan nie betaal daarvoor nie, jy’t nie ’n adres nie, en jy’t nie fasiliteite nie.

Sonder geld is jy basies … ’n boemelaar.

Een enkele faktor

Dinsdag 24 Maart 1998

Alles wat ek nog altyd gesê het oor vryheid, finansiële skuld, my ideale, my ambisies, my drome, die strewe om my potensiaal te bereik, en om te leef soos ek graag wil leef, kristalliseer rondom een enkele, noodsaaklike voorvereiste. Ek het al genoeg gesien, ervaar, gelees en gehoor om te verstaan hoe belangrik mag is: Mag om keuses te kan maak, en keuses te kan uitoefen. “Kto kgo?” het Lenin gevra. “Who (masters) whom?”

As jy nie vir die res van jou lewe die rol wil speel van die dienskneg, die skuldenaar, die persoon in selfopgelegde ekonomiese ballingskap nie, moet jy ophou hardloop en begin werk, doelgerig, daadwerklik, met ’n enkele doelwit voor oë: om te bekom wat jou vry gaan maak – van skuldeisers, van balju’s, van armoede en ’n onbeduidende bestaan, en vry van ekonomiese meesters wat oor jou baas wil speel.

As ek in die eerste plek wil oorleef, en daarna in staat wil wees om meer uit die lewe te kry as blote oorlewing, en om oor die vermoë te beskik om keuses te kan uitoefen, moet ek werk daaraan om te beskik oor die een enkele hulpbron wat hierdie dinge vir my moontlik sal maak: finansiële welvaart. Dis al wat oorbly.

Makliker gesê as gedaan? Nie as dit jou hele lewe sover, jare se armoede, skande, verleentheid, en frustrasie gevat het om by die punt te kom waar jy besef dat dit die primêre middel is tot soveel wat jy hoop om te bereik nie.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Sondag 19 April 1998

Wat ek wel geleer het, is dat geld belangriker is as baie ander dinge in die lewe. Hoe meer jy het, hoe beter. In die wêreld waarin ek leef, is dit elke persoon vir homself. Daar's min genade vir 'n arm ou, en baie belonings vir die ryk man of vrou.

Ek is nie geïnteresseerd in die illusie van sekuriteit wat maatskappye belowe nie. Mense bou hulle huise op fondasies wat deur ander mense of besighede verskaf of geleen word, net om een dag tot hulle skok en smart, en dié van hulle familie, uit te vind dat dit oornag kan verkrummel. Hoekom moet ek myself onderwerp aan so 'n wêreld, as ek reeds oor hierdie kennis beskik, en reeds die skok, smart en vernedering ervaar het?

* * * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 27 Mei 1998

Dis my vierde week terug in Suid-Afrika. […] Wat ek uitgevind het sover, bevestig wat ek vermoed het. Om die waarheid te sê, as jy ernstig is daaroor om geld te maak – wat ek vermoed meeste mense nie werklik is nie, is daar meer as genoeg boeke beskikbaar oor alles wat 'n mens nodig het om te weet.

Kortom, as jy glo geld gee jou mag, en jy's desperaat genoeg om hierdie mag te bekom, is die pad wat jy moet loop nie 'n hoogs geheime, slegs bekend aan 'n gelukkige minderheid vergroeide voetpaadjie nie. Dis 'n goed gekarteerde pad, dog 'n pad wat ek glo meeste mense – wat die potensiaal het om dit te kan loop – nie kies om een of ander rede nie.

Een probleem is dat om ’n projek aan die gang te kry en dit sover te ontwikkel dat dit geld maak, jy ten minste ’n paar maande nodig het. […]

Feit is, jy kan nie in ’n kombuis ingaan en dink jy gaan ’n meesterstuk opkook net omdat jy honger is nie. Selfs die beste sjefs het sekere dinge nodig: die regte bestanddele (geld), ’n goeie resep (metodes, konkrete planne, of spesifieke projekte), en tyd – as die sjef nie genoeg tyd het nie, gaan die eindresultaat rou wees, of dit gaan bloot platval.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Ontnugtering, en nuwe planne

Sondag 8 November 1998

Wat ’n jaar …

Vier en ’n bietjie maande in Johannesburg. Wat het ek sover gedoen? Ek het kanse gewaag. Ek het dinge gedoen, en doen dit steeds, wat ek gesê het ek nooit sal doen nie. Ek het Johannesburg toe getrek vir ’n office job. Ek het my baas/vriend se aanbod om vir tyd en wyl in die bediendekamer op sy erf te bly, aanvaar. Ek doen sales … En wat het ek? Fokkol.

Ek hou myself “produktief” besig – dis al wat ek kan sê. Ek lees. Ek skryf. Ek kan nie bekostig om by ’n restaurant te gaan eet nie. Selfs al was flieks gratis, kon ek nie daar uitkom nie. Selfs al was hier ’n honderd vrouens wat moontlikhede ingehou het vir ’n man, sou dit net van akademiese waarde gewees het, want as hulle nie binne stapafstand van my huis af woon nie, kan ek hulle nie ontmoet vir koffie of iets nie. En selfs al het ek ’n kar gehad, het ek nie geld nie. Ek bly in ’n buitekamer soos ’n student. Ek het nie eens ’n behoorlike radio nie!

Klink dit asof ek net kla, terwyl soveel mense slegter af is as ek? Fok dit. Ek het my eie agenda. As ek tevrede was met wat ek het net omdat soveel mense in ’n slegter posisie is as ek, sou ek mense wat slegter af is as ek, beledig het, want ook húlle wil ’n beter lewe hê, om nie eens te noem dat hulle sou gedink het ek is ’n idioot om nie iets beters vir myself te wil hê nie!

Ek het geld nodig. Ek het ’n kar nodig. Ek het ’n rekenaar nodig. Ek het ’n behoorlike blyplek nodig. Al hierdie dinge is buite my onmiddellike bereik in Suid-Afrika op hierdie stadium. Miskien oor vyf jaar … That’s it, ek gaan Taiwan toe. En ek kom nie weer terug Suid-Afrika toe voor ek nie behoorlik vir myself kan sorg nie.

[Verduideliking: Die Suid-Afrikaner wat my saam met die Koreaanse man meer as twee jaar tevore ingewag het op die lughawe in Seoel, was teen hierdie tyd in Taiwan. Ons het ’n paar e-posse uitgeruil – hy’t my vertel oor sy lewe in Taiwan, en ek het hom ingelig oor my situasie in Johannesburg. Teen laat Oktober het hy aangebied om vir my geld te leen vir ’n vliegtuigkaartjie Kaohsiung toe – ’n aanbod wat ek aanvanklik van die hand gewys het.]

* * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 2 Desember 1998

Een [opsie vir iemand met my agtergrond – middelklas, tersiêre opleiding] is Foreign English Teaching: eenjaarkontrakte; goeie kontantvloei; nie nodig om op skuld en krediet te leef nie; relatiewe goeie lewensomstandighede; jy't nie 'n kar nodig nie; jy't nie nodig om 'n goeie kredietrekord te hê om 'n telefoon te kry nie; jy leef in 'n vreemde land met 'n vreemde kultuur; lewenservaring van 'n ander aard; en uiteindelik, finansiële bemagtiging.

'n Volmaakte lewe? Nee. In meer opsigte as wat jy op jou een hand kan aftel, is dit 'n vrot lewe. Maar dit is 'n lewe waarin jy jouself kan bemagtig – op meer as een gebied.

* * * * * * * * * * * * * * *

Arbeiders van antieke tye

In die Middeleeue en antieke tye, hoe het die magte van die dag die arbeiders behou wat hulle grond bewerk het?

Slawerny was een manier. Feodalisme het neergekom op ’n verhouding tussen die landeienaar en die grondbewerker waar laasgenoemde verplig was om arbeid te verrig in ruil vir die landeienaar se beskerming. Daar was ook die verskynsel van “indentured servitude”. Met al hierdie stelsels is arbeiders gebind aan die grond waar hulle arbeid vereis was deur wette wat die grondeienaar bevoordeel het, en deur maatreëls soos belasting, wat die grondbewerker altyd arm en afhanklik gehou van sy Baas.

Hoe word mense vandag gebind aan die “grond” waar hulle arbeid of diens vereis word? Deur onder andere goedkoop krediet, en langtermyn terugbetaalopsies: maandelikse inkomste minus paaiemente op produkte wat reeds gebruik word – soos ’n nuwe sitkamerstel, of ’n kar, laat die gemiddelde burger met min genoeg geld om “weg te kom”.

Natuurlik kom baie weg, en baie val nooit in nie. Daar’s drop-outs, kriminele, en mense wat vir jare in ander lande rondswerf en op verskillende maniere geld verdien. Solank ’n sekere persentasie van die bevolking egter gebind kan word aan die “grond”, kan die res afgeskryf word – of later benut word, soos die drop-out wat ’n musikant of ’n skrywer word en vir die Gebindes vermaak verskaf, of bemoediging.

Dit is belangrik om te noem dat hierdie situasie vloeibaar is. Mense maak aan die einde van die dag hul eie keuses. Dus impliseer ek nie grootskaalse manipulering, of sinister agter-geslote-deure beplanning nie … nee wag, manipulering wel. Soveel as moontlik mense móét bereik, en “gedraai” word …

~ Uit die Pers Notaboek

Ballingskap nege

Dinsdag 20 November 2001

Ses jaar het al verloop sedert ek geleer het dat dit meer saak maak dát jy geld het, as hóé jy die geld maak. Hierdie briljante insig het my getref omtrent ’n week nadat ’n kettingbrief in my posbus beland het, wat, in teorie, vir my X-bedrag geld per maand in my bankrekening kon besorg indien ek die instruksies uitgevoer het. Dit het op my neergedaal soos ’n seëning dat ek nie noodwendig in ’n besoldigde situasie hoef te wees om elke maand die huur te kan betaal, en van tyd tot tyd ’n nuwe paar jeans te kan koop nie.

Hierdie idee het goed gekorrespondeer met my gebrek aan entoesiasme om in te pas by die konvensionele gang van sake waar jy universiteit toe gaan, na graduering jou C.V. uitstuur in die hoop dat jy spoedig jou lewe as ’n “grootmens” kan begin, en dan na ’n jaar of drie trou met die persoon saam met wie jy op daai stadium slaap. Ek wou voortgaan met die tipe lewe waarvan my sogenaamde studentedae net ’n voorsmaak was – ’n lewe gevul met kennis opdoen, laatslaap, biblioteek toe gaan, die middag spandeer in tweedehandse boekwinkels, en bowenal, die vryheid om ’n baard te kan groei maak nie saak hoe sleg dit lyk nie.

Ek was 24 toe ek besluit het om Ooste toe te kom. Ek het geweet dit sou my die reg gee om vir almal wat wou weet te kon sê dat ek ’n “Engelse Onderwyser in Korea” is. Ek het ook geweet dit beteken dat ek die moontlik onvermydelike punt ’n bietjie langer kon uitstel wanneer ek my vryheid moet inruil vir ’n meer konvensionele lewe, en ’n skoongeskeerde gesig.

So’t ek my soektog voortgesit na ’n antwoord op die Groot Vraag: Wat is dit wat hierdie ou wil doen met sy lewe?

In die verloop van die volgende twee jaar het ek met ’n paar idees vorendag gekom. Ek wou in Engeland of Duitsland woon vir ’n paar maande, of ’n jaar. Ek wou soos McArthur

van die Filippyne met trompetgeskal ’n terugkeer maak tot die lieflike universiteitsdorp van Stellenbosch. En ek wou skryf.

Kort voor die einde van my tyd in Korea (Mei 1998), het ek nog ’n paar idees by die lys gevoeg. Twee hiervan was dat ek myself wou toewy aan iets of iemand, en dat ek êrens wou behoort. Ander idees wat uiteindelik ook bygevoeg is, het ingesluit dat ’n mens één ding moet hê waarop jy fokus, en dat die helfte van almal se lewens gaan oor die ontdekking van wat hierdie een ding is; dat my posisie in die samelewing by verstek dié is van ’n boemelaar; dat middelklas suburbia my nie gaan insluk as ek per ongeluk my paraatheid vir ’n oomblik verloor nie; en dat mag die groot verskil is tussen mense wat dit uiteindelik maak, en dié wat sneuwel langs die pad.

Terug in Suid-Afrika – waar ek veronderstel was om te “commit” en te “belong” – oorweeg ek toe die hele konsep van ’n beroep. Ek vind toe, in nie die eerste briljante insig van my lewe nie, dat ek nie noodwendig ’n probleem het met die idee van ’n beroep nie. Die probleem was dat die beroep van so ’n aard moes wees dat ek myself volslae daaraan kan toewy.

Kort daarna koop ek vir my ’n paar boekies oor skryfwerk by ’n Hospies-winkel vir R1 elk, en ek vat my skryfambisies en my vars insig na nuwe hoogtes deur te verklaar dat dít my beroep sal wees – ek sal ’n skrywer word! Meer as dit, skryfwerk sou my besigheid wees. Ek sou dus besigheidsvernuf kombineer met my skryfambisies. Ek sou nie net skryf wat ék wou nie. Ek sou kyk waarvoor daar ’n mark is, en die tipe materiaal produseer wat publikasies soos tydskrifte nodig het om hulle bladsye mee te vul.

Vyf en ’n half maande later was ek op ’n straathoek in ’n stad in die suide van Taiwan, besig om die konsepte van vryheid en onafhanklikheid te kontempleer. Siende dat die vermoë om verbysterend helder te dink my toe nie meer onkant gevang het nie, was ek nie verbaas nie toe ek na net ’n paar minute se staan vorendag kom met die insig dat vryheid en onafhanklikheid vir my, leë ambisies is. Ek het besef dat

die aantrekkingskrag van hierdie twee konsepte fundamenteel te make gehad het met my begeerte om nie skuld te hê nie – om nie meer verplig te wees om ’n finansiële las soos ’n verrottende karkas agter my aan te sleep nie. (En natuurlik het dit ook verband gehou met die ou begeerte om ’n baard te kan groei, al lyk ek soos ’n boemelaar.) Die aantrekkingskrag het begin kwyn toe ek besef dat volmaakte vryheid en onafhanklikheid ook sal impliseer dat jy niemand het vir wie jy omgee, of vir wie se lewe jy verantwoordelik is nie. Dít, het ek geweet, is in stryd met my ware ambisies. Ek wíl lief wees vir mense, en ek wíl eendag deel wees van ’n intieme groepie mense waarvoor ek medeverantwoordelikheid sal aanvaar.

So byt lank vertroetelde ideale in die stof.

Dit was in my 24e jaar op hierdie planeet toe ek die insig gehad het wat ek vermeld het aan die begin van hierdie negende deel van wat nooit so ’n lang “ballingskap” reeks moes gewees het nie. Ek is nou dertig jaar oud. Dis 20 November 2001, 25 minute oor 6 in die oggend. Die son het al slaperig haar eerste lig gegooi oor die koue, winterlandskap van Fengshan City. Ek het ’n klein brakkie wat my regtervoet warm lê, en ’n sigaret wat lê en uitbrand in ’n nuwe asbakkie. Die mense by die plaaslike McDonald’s is besig om gereed te maak om die eerste cholesterol belaaide ontbytkos in bakke vars olie te gooi soos ek hierdie woorde tik, en ek moet ’n tweede skof gaan slaap sodat ek teen een-dertig intelligent genoeg kan lyk vir my 21-jarige Chinese onderwyseres.

Ek is deesdae vriende met mense van eksotiese plekke soos Krugersdorp, Kimberley, Vereeniging en Stellenbosch. Ek werk veertien ure per week by drie verskillende skole, en ek verdien ’n paar duisend Taiwan dollar ekstra elke maand deur kort stukkies te skryf vir ’n plaaslike uitgewer van ESL-tydskrifte. Ek het twee boekprojekte hierdie jaar afgehandel. Ek kan Battle Hymn of the Republic op my keyboard speel, en ten minste ses of sewe drukke op my twee kitare. En as ek moet, kan ek ook ’n deuntjie op die blokfluit, of op een van my twee mondfluitjies speel.

Die vraag wat egter in die lug hang soos ’n slegte reuk op ’n windstil wintersoggend is steeds dieselfde: Wat wil ek doen met my lewe?

* * *

’n Heerlike oggend van rus – gevul met koorsagtige drome vol moord, en soene op bloedrooi lippe van girlfriends wat nooit teruggebel is nie – het, soos gewoonlik, nuwe insig gebring. Ek weet lankal dat ek wil skryf. Die eintlike vraag is dus nie wát ek wil doen nie, maar watse tipe skryfwerk ek wil produseer.

’n Sekondêre vraag het te make met iets wat ek aangeraak het in Ballingskap Nommer 8, naamlik dat om ’n skrywer te wees soms soortgelyk is aan die beroep of roeping van sending. Die sendeling, wat glo hy of sy is geroepe om ’n bepaalde boodskap te verkondig, kan nie voltyds ’n bankbestuurder wees én voltyds die beroep of roeping van die sendeling beoefen nie. Die sendeling het ’n *trade* nodig, iets waarmee hulle geld verdien terwyl hulle meeste van hul aandag en tyd spandeer aan die soms tydrowende aktiwiteite wat verband hou met hul sending. Wat ook al die sendeling se ambag is – Paulus was byvoorbeeld ’n tentmaker, dit sal altyd net ’n praktiese maatreël wees om te verseker dat hulle en hul families nie honger ly nie, en dat daar meeste van die tyd petrol in die kar is. (As hulle natuurlik onderhou word deur ’n ryk voorstedelike gemeente, sal hulle situasie effens anders daarna uitsien.) Dieselfde kan ook gesê word van die politieke aktivis, wie se eerste prioriteit sy of haar politieke aktiwiteite is, maar wat moontlik iets anders doen om kos op die tafel te sit. (Behalwe weereens as ook hierdie persoon aan die gang gehou word met geld uit Noorweë of Swede … het ek die verkeerde roeping gekies?)

Die eerste vraag wat ek moet beantwoord is dus in watter genre ek wil skryf, en derhalwe ook watter temas ek wil aanraak. Die tweede vraag, wat ter wille van suksesvolle nastrewing van my roeping deeglik oorweeg moet word, is

watse werk ek op ’n daaglikse, dog deeltydse basis wil doen om te verseker dat ek ’n gereelde inkomste het.

* * *

’n Ding wat al hoe duideliker begin blyk is dat nie alle beroepe dieselfde waarde het in die arbeidsmark nie. En indien sekere arbeid of sekere vaardighede nie in aanvraag is nie, is die kans goed dat jy nie goed gekompenseer sal word vir wat jy ook al doen op hierdie gebied nie. Dit gee ook nie noodwendig aan die persoon in hierdie beroep ’n status in die gemeenskap waarmee hy of sy gelukkig is nie.

As jy dus na jare se observasie van jou unieke persoonlikheid en deeglike oorweging van die beskikbare beroepsmoontlikhede, op die punt kom waar jy nie anders kan as om te aanvaar dat dit wat jy wil doen nie hoog in aanvraag is nie, moet jy besluit watse ander, verwante moontlikhede vir jou aanvaarbaar sal wees. Jy moet ook deeglik oorweeg wat jou idee is van ’n behoorlike inkomste, en hoe belangrik status in die gemeenskap vir jou is.

Die alternatief is dat jy die belangstelling of aanleg of vaardigheid waarop jy graag sou wou fokus as beroep (of selfs roeping), reduseer tot stokperdjie (vir die gebrek aan ’n beter woord) status. Jy sal verder tevrede moet wees om die meeste van jou tyd en aandag – inderdaad jou daaglikse bestaan – te wy aan ’n beroep wat van die begin af nie jou eerste keuse was nie; ’n beroep wat jy heel waarskynlik nooit met passie of oorgawe sal kan beoefen nie.

Vraag een

Om ’n lang storie eenvoudig te maak, ek wil skryf wat ék wil skryf. Ek meen, ek is nie op pad om ’n bankbestuurder of ’n skoolinspekteur te word nie. Die eenvoudige rede hiervoor is omdat ek ’n lewe nastreef waarin ek daagliks, en sonder om verskoning daarvoor te maak of toestemming te vra daarvoor, uiting kan gee aan my kreatiwiteit. Watse waarde sal dit dus

hê as ek al my tyd spandeer deur net die soort materiaal te skryf wat in aanvraag is, waarvoor ek weet daar ’n mark is, en my kreatiwiteit in die proses beperk in terme van woordeskat, en sinskonstruksies wat soos resepte reeds voor die tyd uitgelê is?

Dit gesê, om artikels en ander materiaal te skryf wat ek nie sou geskryf het as ek nie geweet het ek word betaal daarvoor nie, is steeds beter as om daai honderd of ’n duisend rand te verdien in ’n beroep wat géén kreatiwiteit vereis nie. Ek is dus steeds bereid om materiaal te skryf volgens vasgestelde riglyne, omdat die besigheid wat dit gaan koop, dit so wil hê. Ek is egter nie bereid om na al hierdie tyd myself hoofsaaklik toe te spits op sulke tipe skryfwerk nie.

Om te skryf wat ék wil skryf … die hele teorie oor die middelklas … is dit nie al weer tyd om te gaan slaap nie?

* * *

Ek wil skryf oor die lewe, oor die mens, oor verhoudings, oor geskiedenis, oor godsdiens, oor die samelewing, oor politiek, oor kultuur, en oor hoe die mens dit regkry om elke oggend op te staan en presies dieselfde ontbytpap te eet as die vorige dag, en honderde dae voor dit. Ek wil nie gebonde wees aan ’n spesifieke tema en styl omdat die verbruiker wat boeke en ander leesmateriaal kan bekostig se smaak op die huidige tydstip dit so dikteer nie.

Ek wil skryf wat ék glo geskryf moet word, al is ek die enigste een wat so glo. Ek wil my eerlike opinie gee oor kwessies wat na vore kom in my eie lewe – kwessies wat vele ander mense sekerlik sal herken. Ek wil so verwaand wees om te dink ek het dinge om te sê wat niemand anders sê nie, of dalk nie op die manier wat ek dit sê nie. Ek wil my insigte deel met ander mense, selfs al is ek nie die eerste, laaste, of enigste skrywer wat oor hierdie spesifieke insigte beskik nie. Ek wil skryf, en skryf, en nog meer skryf, en aanhou skryf tot iemand sê, “Het julle al gelees wat hierdie ou geskryf het?” En dan wil ek nog ’n bietjie skryf …

Skrywers skryf gedigte, kortverhale, opstelle, romans, preke, toesprake, toneelstukke, draaiboeke, liedjies … of iets van alles. Skrywers skryf oor dinge wat reeds gebeur het, dinge wat tans aan die gebeur is, en dinge wat nog moontlik gaan gebeur (as niemand hulle skryfwerk ernstig opneem nie). Skrywers skryf fiksie, en nie-fiksie. Hulle skryf vir hulle vriende, familie, kennisse, vyande, en vir vreemdelinge. Hulle skryf vir volwassenes, en hulle skryf vir kinders. Hulle skryf vir mense wat hulle gister ontmoet het, en vir mense wat hulle nooit sal ontmoet nie selfs al raak hulle beroemd. Hulle skryf soms net vir mense in hulle binnekringe, en soms vir mense in lande wat hulle nooit sal besoek nie.

Uit die aard van die saak wil ek nie myself beperk tot enige genres of lesersmarkte nie. Maar as ek gedwing word om meer spesifiek te wees, sal ek sê dat ek hoofsaaklik, vir eers, in Afrikaans sal skryf, vir my tydgenote in Suid-Afrika, maar ook in lande soos Taiwan en Engeland, en Frankryk en Amerika.

Ek wil my idees oor die lewe, oor hoe ek dink dinge is en hoe ek dink dit veronderstel is om te wees, verwoord in stukke wat mense sal lees om verskeie redes. Miskien lees hulle dit omdat hulle iets soek om die tyd mee te verdryf, of omdat hulle iets wil wysraak wat hulle nie geweet het nie, of omdat hulle inspirasie soek of alternatiewe sienswyses wil oorweeg oor ’n spesifieke aangeleentheid.

Dit is wel vir my belangrik om te skryf vir meer as net ander mense se vermaak. Ek wil myself aanstel as ’n stem van rede, al vat dit twintig jaar om ander mense sover te kry om te luister.

Tweede vraag

Om te wil skryf, is nie ’n eenvoudige ambisie soos om ’n dokter te wil word nie. Met laasgenoemde hoef jy net universiteit toe te gaan, jou kop vir ses jaar lank in ’n toestand in te leer, en dan kan jy lekker begin geld maak en almal respekteer jou en noem jou “Dokter”. Om suksesvol te wees

as ’n skrywer verg baie meer tyd, en meer verstandelike en emosionele onstabiliteit (ten minste in sommige gevalle). Dit vereis ook ’n deeltydse werk wat kontant aan die vloei hou terwyl jy ’n paar volgelinge bymekaarmaak wat dink dit wat jý te sê het, wel ’n plek het in die Annale van Idees en Opinies (en miskien ook op boekrakke vol kortverhale en digbundels).

Die lewe is nie volmaak nie. (Sou ’n volmaakte lewe in kleur gewees het? Swart-en-wit is soveel netjieser.) ’n Volmaakte lewe sou sekerlik beteken het dat elkeen van ons twee of drie weergawes sou hê van ons lewens om alles te kon doen wat ons wou doen. Elkeen sou ook sy eie persoonlike tydmasjien nodig gehad het, sodat as ons later belangrike lesse leer, of – kan jy jouself dit voorstel? – ons per ongeluk ’n blaps maak, ons vinnig kan teruggaan en weer kan probeer. Feit is, nie eens ryk mense se lewens is volmaak nie. (Kan Bill Gates byvoorbeeld skielik ’n hippie word en sy baard laat groei?) Ons almal maak foute. Ons mis geleenthede. Ons maak droog. Ons maak besluite en ons doen dinge wat maak dat ander mense hulle koppe skud en vir mekaar vra, “Wat dink die ou doen hy met sy lewe?” En meeste van die tyd is ons te verleë om te antwoord, of doodgewoon nie lus om te verduidelik nie.

Teen hierdie tyd het ek nou al sekerlik die punt goed tuisgebring dat ek ’n inkomste nodig het wat my aan die lewe kan hou terwyl ek skryf, sodat ek nie nodig het om te skryf vir geld nie.

Sedert ek klaar gemaak het met my tersiêre studie het ek nog net twee jobs gehad: Die een was om ’n glorified sekretaresse en verkoopsman van subskripsies te wees vir ’n vriend se omgewingsjoernaal; die ander was om kinders, en so nou en dan ’n volwassene, in die Verre Ooste te leer om Engels te praat.

Laasgenoemde is nie ’n werk waaroor ek vreeslik opgewonde is nie. Soms is ek verleë as ek in ’n klaskamer staan en dink hoe belaglik ek moet lyk terwyl ek my arms swaai, of vir die vyftiende keer die woord “name” sê, terwyl ek my lippe opmekaar pers om te wys jou mond moet tóé wees met die “m”. Dis nie ’n werk wat veel sekerheid bied nie, en

daar’s geen huis-subsidie of pensioen nie. Om ’n “expat English teacher” te wees in Taiwan of elders in die Ooste gee ook nie aan jou status wat vergelyk kan word met wat ingenieurs of joernaliste of suksesvolle besigheidsmense geniet nie. Nietemin, om elke week ’n paar Engelse klasse te gee, genereer ’n inkomste. ’n Mens maak óf genoeg geld sodat jy ’n …

[… nuwe printer kan bekostig? ’n Pruik? ’n Buskaartjie uit die stad uit? So, asof ek skielik oorval is deur slaap of verveling, sneuwel nog ’n poging tot ’n essay.]

Wat ek sien

Vrydag 4 Julie 2003

Ek glo altyd almal het drome wat verby die lewens strek wat hulle tans leef. En ek reken dat een of twee honderdduisend rand 'n ver ent sal gaan om hierdie drome te verwesenlik. Ek glo verder dat een of twee jaar in 'n plek soos Taiwan die ideale manier is om daai tipe kapitaal bymekaar te skraap.

Wat ek geneig is om te vergeet, is dat die lewe van 'n expat in vele gevalle wortelloos is, en dat vele mense 'n ander tipe lewe verkies. Hierdie mense het huise – ruimtes wat hulle ingerig het oor die jare presies soos hulle dit wil hê. Hulle het vriende, en miskien familie wat óf in dieselfde stad woon, óf in 'n naburige dorp. Hulle het troeteldiere. Hulle het pensioenfondse wat hulle al vir jare aan die opbou is. En hulle droom van kinders kry – as hulle nie reeds begin het met 'n gesin nie, en om hierdie kinders groot te maak in 'n omgewing wat aan húlle, die ouers, bekend is. Dis 'n lewe waaroor hierdie mense baie keer kla, maar dit is ook 'n lewe waarbinne hulle veilig voel. Dit is verder 'n lewe wat hulle reken hulle kan volhou, en wat hulle hoop hulle kan voortgaan om te leef tot hulle 60 of 65 tref, en daai pensioen uitbetaal.

Die feit is dit, nie almal weet wat hulle sal doen met 'n honderd of twee honderdduisend rand tussen wanneer hulle terugkeer van 'n plek soos Taiwan, en wanneer hulle aftree-ouderdom bereik nie. Mense is geneig om te kies wat aan hulle bekend is – al beteken dit dat jy jou tydkaart moet pons, dieselfde tyd elke oggend, vir veertig jaar lank.

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 18 Julie 2003

Ek het die afgelope paar weke baie gesê oor die sogenaamde grootmenswêreld en hoe ek myself as onvolwasse beskou in hierdie wêreld (of so gedoen het, tot nou toe). Ek wil dit egter verander na die wêreld van geld. Ek is heeltemal volwasse genoeg om my plek as ’n volwassene vol te staan in die sogenaamde grootmenswêreld.

Die werklike probleem was nog altyd my onkunde oor, en gevolglike vrees vir die wêreld van geld. My lot, tot nou toe, was beklink omdat ek nie die “maklike” uitweg wou kies deur net êrens ’n werk te kry nie – of ten minste te probeer om een te vind. Dit is egter ononderhandelbaar dat mens steeds geld nodig het. Maar hoe nou gemaak as mens nie ’n formele betrekking of beroep wil hê nie, en jy weet ook nie hoe om andersins geld te maak in Suid-Afrika nie? Onkunde, vrees, Korea, toe Taiwan …

Ek het egter die afgelope drie weke agtergekom dat die gevreesde Wêreld van Geld ondersoek, bestudeer en bemeester kan word. Aan die einde is dit soos meeste dinge wat mens angstig maak – as onkunde vervang word met kennis, vlug die vrees.

Twee woorde:

VRYSKUT
ENTREPRENEUR

* * * * * * * * * * * * * * *

Aanvaar verantwoordelikheid vir jouself in 2018

Donderdag 31 Julie 2003

Die begeerte om my kreatiewe onafhanklikheid te behou, is wat ek die afgelope paar jaar aangevoer het as rede (of verskoning) hoekom ek in Taiwan moet bly. “In Suid-Afrika,” so resiteer ek altyd die rympie aan myself, “moet ’n mens bereid wees om jou kreatiewe onafhanklikheid prys te gee as jy by die gemiddelde instelling of korporasie ’n betrekking aanvaar.” Dit is hoe dit werk meeste van die tyd, en, het ek nog altyd geglo, hoe dit ook sal werk in my geval, as ek seker wil maak dat ek my hande lê op ’n voldoende maandelikse kwota oorlewingskoepons.

Ek het die afgelope paar weke tot die insig gekom dat dit juis hierdie behoefte aan kreatiewe onafhanklikheid is, en veral ook die ideaal om baas van my eie tyd te wees, wat my nie net in staat sal stel om maandeliks genoeg *struggle* koepons te verdien nie, maar om inderdaad … dromme rol, swepe klap … ryk te word.

Om ryk te word, is dit in die eerste plek belangrik dat jy ryk wil wees, moet weet hoekom jy ryk wil wees, en moet weet wat die alternatief is tot finansiële welstand. Dan is ’n kreatiewe, skeppende natuur wat jou in staat sal stel om vorendag te kom met idees, en ’n hardkoppige geloof dat jy kán, sál, en móét suksesvol wees, onontbeerlike eienskappe. Laastens, as jy die baas van jou eie tyd is, sewe dae per week, is daar net een ding wat in jou pad staan om finansieel onafhanklik te word – jyself.

As ek oor ’n jaar, of drie jaar, of vyf jaar finansieel onafhanklik is, sal dit die resultaat wees van ’n reeks beelde wat vorm aangeneem het in my kop, besluite wat geneem is oor hoe om die beelde te realiseer, en stappe wat op die regte tye en op die regte wyses deurgevoer is. As ek nie oor een jaar, of drie jaar, of vyf jaar finansieel onafhanklik is nie, sal dit

wees omdat ek nie die beelde in my kop opgevolg het met die korrekte besluite en die korrekte aksies nie.

Ek, nou, is verantwoordelik vir my sukses ’n jaar, en drie jaar, en vyf jaar van nou af. Net soos ek een jaar, en drie jaar, en vyf jaar gelede verantwoordelik gehou moet word vir die goeie, en minder goeie resultate van wat ek tans my lewe noem.

The Universe is on my side? Ek glo dit mag dalk net moontlik wees. Die tyd is nóú. Ek is die pa van my kinders drie of vyf jaar van nou af. Ek is die seun van ’n pa en ’n ma wat sal baat by my sukses. Ek is die broer van twee susters wat ook waarde sal trek daaruit. Ek is ’n mens by wie se sukses baie ander mense, wat nou nie eens bewus is van my bestaan nie, sal baat vind.

Ek moet nóú verantwoordelikheid aanvaar vir my sukses een, en drie en vyftien jaar van nou af.

Voltyds kreatief

Maandag 4 Augustus 2003

Waarom was die Beatles "larger than life"? Omdat hulle gedoen het waarvan hulle gehou het, en waarin hulle geglo het. En omdat hulle meeste van hulle produktiewe tyd daaraan gespandeer het, het hulle vermoëns toenemend verskerp.

Die feit dat hulle skeppings – hulle spesifieke tipe musiek – in aanvraag was op daai tydstip, het natuurlik ook gehelp. Maar die feit bly staan dat hulle hulself besig gehou het, op 'n voltydse basis, met dit waaroor hulle die sterkste gevoel het, dit waaraan hulle werklik geglo het. As gevolg hiervan, het hulle 'n vlak van kreatiewe vaardigheid bereik wat *enige* talentvolle, kreatiewe persoon kan bereik indien hy of sy hulself besig hou met dit waarvan hulle die meeste hou, vir die groter gedeelte van wat beskou word as 'n normale werksdag.

Goeie bemarking en die talente van ander mense het ook 'n belangrike rol gespeel in hulle kommersiële sukses. Maar as die individuele lede van die groep agt ure per dag moes werk by een of ander fabriek in Liverpool, en dan in die aande aan hulle musiek gewerk het – na ete en 'n bietjie TV, sou selfs die beste towenaars van bemarking nie hulle noodwendig meer middelmatige werk kon verkoop aan die massas nie.

Die Beatles was dus so groot soos wat hulle geword het, omdat hulle geslaag het in 'n ideale kombinasie – kreatiewe uitnemendheid en kommersiële sukses.

[Dit is belangrik om te benadruk dat die hele Beatles storie gewerk het omdat dít waaraan hulle met groot oorgawe die meeste van hulle tyd gespandeer het, kommersiële waarde gehad het.

Ongelukkig werk dit nie vir almal om die grootste deel van ’n “werksdag” te spandeer aan dit wat ons met die grootste passie en oortuiging wil doen nie, omdat ons steeds *geld* nodig het, en as dit waaraan ons meeste van ons tyd spandeer – al is dit dan meesterstukke – nie soms verhandel kan word vir kontant nie, moet ons steeds *iets anders* doen ter wille daarvan om fisies te kan oorleef.]

Geld en kuns

Saterdag 20 September 2003

Ek het geen probleem daarmee om kuns vir geld te verruil nie. As ’n kunstenaar ’n miljoen rand verdien met sy kuns, goed so. Dis baie beter as om daai geld te moet verdien deur vir ’n leeftyd kantoorstoele pap te sit.

Ek het ook geen probleem daarmee om my eie skryfmateriaal te laat publiseer nie. My punt is net dat ek nie wil skryf wát, en hóé dit gedikteer word deur die sogenaamde “market forces” nie – wat beslis ’n vertrek is van my vroeër houding van “dink soos ’n besigheidsman, skep soos ’n kunstenaar”.

Wat dit beteken is dat ek liefs nie afhanklik moet wees van my skryfwerk vir kos- en huurgeld nie. As ek dit uiteindelik wel regkry om iets te produseer wat ’n tydskrif goedvind om te publiseer, goed en wel; dan hoef ek net minder van my ure te verkoop aan een of ander besigheid daai maand. Wat ek produseer uit die wroeging en ekstase van my werklikheidservaring is egter vir my té belangrik om te sien hoe dit net nog iets word wat, soos groente of braaihout, opgeweeg word op die skaal van Die Groot Industriële Masjien.

Die (werklike) waarde van geld

Maandag 22 September 2003

Baie mense wil ryk wees vir die gemak en sekuriteit wat dit verskaf. Baie mense wil ook ryk wees omdat hulle glo dit sal hulle belangrik laat voel, en *belangriker laat verskyn aan ander*.

Finansiële welvaart is ook bevorderlik daarvoor dat die gemiddelde persoon wie se lewe geanker is in die immer veranderende kulturele moeras van die sosio-ekonomiese middelklas meer oortuig kan wees van sy of haar identiteit. Geld stel ’n mens in staat om die kentekens aan te skaf wat die individu nodig het ten einde hom- of haarself op ’n sekere wyse aan die wêreld te kan vertoon. Sodoende kan die individu dus aan ander mense sê: “Dit is wie ek (dink ek) is, wie ek graag wil wees, en hoe ek graag gesien wil word. Hier is die sigbare bewyse daarvan.”

Rykdom word dus (meestal onwetend) gesien as ’n maklike manier om identiteit te definieer, en voortdurend te bevestig – veral deur mense wat nie oor baie geld beskik nie, en wat daagliks omgaan in omgewings waar geld ’n prominente rol speel in die vorming en vertoning van identiteit.

… en ’n akademiese nota

Bogenoemde kan genoem word ’n “antwoord” soos wat ek bedoel het ’n paar stukke gelede. In hierdie geval sal die aanvanklike vrae wees: Hoekom wil so baie mense ryk wees? Gaan dit net oor die sekuriteit van om te weet jy sal genoeg hê om te eet vandag, en môre, en moontlik nog volgende maand ook? Of word die mens ook gedryf deur ’n ander instink of motivering?

Meeste van my sogenaamde antwoorde is niks meer as persoonlike teorieë nie. My metodiek is ook nie vreeslik

wetenskaplik nie. Ek sal byvoorbeeld dink: “Dit wil vir my voorkom of [Persoon X] steeds nie oortuig is van haar eie identiteit nie.”

Dan, in hierdie spesifieke geval, sal ek verder afstof, of vlekke op die vloer probeer wegvryf, tot ’n volgende gedagte by my opkom: “Snaaks, sy was nog altyd een wat oordrewe aangetrokke was tot geld.”

Dan, soos ek staan met ’n stoflap vol lighter fluid in die een hand, en ’n sigaret in die ander, kom die oomblik van insig: “Het die een moontlik iets uit te waai met die ander?”

Met laasgenoemde het ek dan ’n VRAAG geformuleer. Nadat ek vorendag gekom het met die mees waarskynlike ANTWOORD, kan ek voortgaan om ’n TEORIE te formuleer.

Dan sal ek by die spieëltafel gaan sit, my notaboek oopmaak en iets skryf soos: “Baie mense wil ryk wees vir die gemak en sekuriteit wat dit verskaf. Baie mense wil ook ryk wees omdat hulle glo dit sal hulle belangrik laat voel …”

Nie desperaat genoeg om ryk te word nie

Dinsdag 28 Oktober 2003

Ek is nie desperaat genoeg om ryk te word nie. En ek bedoel nie om te sê dat hierdie verlangde toestand moet arriveer op die oomblik wat ek die laaste kleingeld uit my broeksak trek nie. Nee, hierdie desperaatheid moet kom wanneer mens sit met ’n hele lys vol aksies wat jy kan neem, items wat jy kan koop, en ’n aantal verbeteringe wat ’n mens net kan aanbring wanneer jy sit met werklike harde valuta in die bank.

Daar is geen tyfel daaroor dat nóú die tyd is om ryk te wees nie. As jy nie ’n terroris is nie, het jy bykans onbeperkte geleenthede om oral in die wêreld te reis. Die welgestelde man of vrou kan ook op eindelose inkopietogte gaan om ’n verskeidenheid produkte te versamel wat elke behoefte waaraan hulle kan dink, kan bevredig. Hulle kan natuurlik ook lede van die teenoorgestelde geslag, of watse geslag hulle ook al verkies, na hulle toe aantrek.

Ekself volg nie juis mode nie, en ek is geen toegewyde dissipel van die verbruikerskultuur nie. Maar indien welstand onverwags op my moes neerdaal, sou ek wel vir myself koop ’n paar nuwe hemde en miskien ’n nuwe langbroek (my enigste ordentlike broek is versier met veelkleurige spatsels verf). Ek sal ook vir my ’n nuwe rekenaar koop, en ’n nuwe fiets. En dan sal ek Japan toe vlieg, ekonomiese klas, ten spyte van die feit dat ek ’n meer gesogte sitplek sal kan bekostig. Om op so ’n vakansie te kan gaan sal beteken dat ek inderdaad ’n mate van vryheid van beweging bereik het wat tot nou toe net verbeel is tydens periodes van intense rus. Ek sou ook Suid-Afrika toe kon gaan vir ’n paar dae om my voorrade van ordentlike toiletpapier aan te vul, ’n paar bottels Steers knoffelsous te koop, en ’n paar tydskrifte waar ek nie twee Engels-Chinese woordeboeke hoef te raadpleeg net om die titel te verstaan nie.

Nou is nie net die tyd om ryk te wees nie, dit is ook die tyd om ryk te *word*. Tegnologie wat voorheen buite die bereik van gewone mense was, is in vele gevalle nou so maklik verkrygbaar as ’n nuwe hemp, en nie noodwendig veel duurder nie. Dit het ’n mantra geword wat ek gereeld resiteer vir almal binne hoorafstand dat dit nou minder nodig is as ooit tevore om jou arbeid aan die hoogste bieër te verkoop, asook om jou keuses van kleredrag en jou vryheid van spraak, denke en beweging aan korporatiewe goedkeuring te onderwerp. Inligting oor spesifieke metodes, vaardighede en truuks is oral beskikbaar vir die korporatiewe lyfeiene wat ’n entrepreneuriese ontsnapping beplan, of vir die rebel wat tot dusver onaangeraak is deur die fascistiese kloue van korporatiewe instellings.

Om te soek na hierdie inligting en dit te vind is een ding. Die maagdelike entrepreneur moet ook sy of haar manier van dink oor dinge sorgvuldig analiseer, heroorweeg, en verander waar nodig. Hulle moet verstaan dat om vrye, skeppende werk te doen onder ’n mens se eie beheer selfdissipline vereis, en ambisie, en vertroue in jou vermoëns en talente – en ’n eerlike beskouing van jou swakhede. Dit vereis dat die aspirant-suksesvolle entrepreneur lang ure sal moet werk – amper soos in ’n korporatiewe omgewing, maar hopelik by die huis, in klere tien keer gemakliker as ’n langbroek-das-en-baadjie of ’n stywe rompie, met musiek van sy of haar keuse wat die luggolwe vul wat voorheen besoedel was deur die gille en getjank van korporatiewe gesagsfigure.

Al hierdie nuttige brokkies advies is nie wat ek bedoel het om te sê in hierdie spesifieke stuk nie. Ek wou bloot ’n platform skep om my opinie te lug dat ek nog nie desperaat genoeg is om ryk te word nie. Ek is goed bewus van beide swakhede en sterkpunte wat ek as entrepreneur sal vertoon. Ek is ook baie stoïes – in geval dit handig te pas kom (ek eet ontbytpap selfs wanneer ek geblikte tuna het in my kosboks), en die feit dat ek onwillig is om met mense te sosialiseer, beteken nie dat ek dit nie selfdissipline kan noem nie.

Wat ek egter nodig het, is die begeerte wat brand in ’n man wat pas teruggekeer het na die stad ná jare in die woestyn, wetende dat hy enigiets en alles wat hy gemis het die laaste dekade kan kry as hy net sy hande kan lê op genoeg van die plaaslike geldeenheid. Dit – is wat ek nodig het.

[Wat maak ’n mens as jy iets reeds honderd keer gesê het, maar dit nog ’n keer wil noem, miskien met een of twee addisionele opmerkings? Jy skryf dit in ’n ander taal. Die ander rede hoekom ek hierdie stuk in Engels geskryf het, is omdat “onkundige lyfeiene” nie so lekker beledigend klink soos “ignorant serf” nie.]

Money is important

Sunday 3 November 2003

To say money is important is the same as to say “It’s cold” when you’re standing stark naked in two feet of snow in sub-zero temperatures. Both are absurd understatements that disregards the severity of the actual situation.

The importance of money cannot and should never be underestimated. But to stop at the realisation of the importance of money would be to only acknowledge half the truth. To remain caught up in the singular pursuit of money when you’re not engaged anymore in a daily struggle for survival is to be an ignorant former serf, too recently released from his servitude to know any better.

I can go one step further. Being in a position to afford more noble and/or creative pursuits in terms of both time and money, and to *not* pursue them, is indeed to be the most pathetic class of serf imaginable – one in seemingly perpetual mental servitude. And this applies not only to “those rich folks up on the hill”. It is equally valid for the average citizen who wastes his or her life while *in actual fact* being capable of a life worthy of being called human.

Geld en kreatiewe vryheid

Woensdag 14 Januarie 2004

Geld vir vrye, kreatiewe skryfwerk? Hierdie literêre projek wat ’n kommersiële kommoditeit word?

My posisie kan opgesom word in twee begrippe: die Kreatiewe Eindproduk en die Kreatiewe Proses.

As kommersiële aanvaarbaarheid die hoofmotivering is gedurende die Kreatiewe Proses, is die Eindproduk nie vrye uitdrukking nie. As kommersiële aanvaarbaarheid van die Eindproduk nie eens oorweeg word tydens die Kreatiewe Proses nie, maar die Eindproduk het nietemin kommersiële waarde, is dit ’n ander saak.

As jy as skrywer te velde trek teen korporasies, skaamtelose winsbejag, en die oorgawe van kreatiewe vryheid teen ’n “redelike” prys, wat is jy dan as jy omdraai en jou kreatiewe werk voorlê aan ’n korporasie wat hoofsaaklik ingestel is op winsbejag? Soveel te meer as jy dit voorlê aan ’n agent van hierdie korporasie wat dit ag as ’n reg om op veranderings aan te dring wat jou werk meer in lyn sal bring met die waardes van die korporatiewe “sponsor”, en om die produk meer genotvol te maak in sy of haar skatting, en derhalwe potensieel meer winsgewend?

Dit gaan uiteindelik oor eerlikheid. Dit gaan daaroor om die reputasie wat jy vir jouself gekweek het, te eer in beide woord en daad.

[Naskrif: Daar is uitgewers – besighede wat ’n oog hou op die “bottomline” vir hulle oorlewing – wat sekere tipes literatuur ag as meer as net bemarkbare produkte. Dit mag wees dat hierdie uitgewers ’n sekere politieke agenda dien, en wat veranderinge sal voorstel aan die eindproduk wat dit doodgewoon meer verteerbaar sal maak vir die potensiële

lesersmark; veranderinge wat die literêre kwaliteit van die eindproduk verhoog eerder as om die inhoud of boodskap af te water ten einde meer eksemplare te verkoop. ’n Geval dus waar die besigheid se agenda versoenbaar is met dié van die skrywer vir wie kreatiewe integriteit belangriker is as finansiële sukses.]

* * * * * * * * * * * * * * *

Op Vrydagoggend 23 April 2004 om 11:26 in die oggend het ek weereens die moontlikheid gekontempleer om my persoon ten volle te rehabiliteer as lid van die voorstedelike middelklas in Suid-Afrika. Helaas, het ek gereken, my enigste hoop sou wees om ’n middelklas voorstad te bekruip in die nag, en die volgende oggend in volle kamoeflering te verskyn aan die gemeenskap as een van hulle.

* * * * * * * * * * * * * * *

Geld, die arbeidsmark, en hoe jy funksioneer

Woensdag 30 Junie 2004

As ek die afgelope tien jaar geld gehad het, of meer gereeld geld gehad het, en groter hoeveelhede daarvan … as ek myself gedurende die laaste dekade van my lewe in ’n posisie bevind het waar ’n gereelde inkomste onnodig sou wees, sou dit my proses van selfontdekking en selfdefiniëring radikaal beïnvloed het.

Een moontlikheid: As my familie welgesteld was, en my ouers het dit duidelik gemaak reeds in my tienerjare dat ek elke jaar, vanaf my agtiende verjaarsdag, ’n aantreklike bedrag geld sal ontvang net omdat ek so gelukkig was om gebore te word as hulle seun, sou ek heel moontlik vanaf my laat tienerjare myself minder toegespits het daarop om binne die volgende vyf tot sewe jaar vir myself ’n posisie te bewerkstellig op die arbeidsmark. Ek sê nie ek sou noodwendig ’n onproduktiewe suurstofdief gewees het nie, maar indien ek nie nodig gehad het om my persoon voor te berei vir die arbeidsmark of vir die besigheidswêreld nie, sou ek nie die persoon gewees het wat nou hierdie woorde tik nie.

Nog ’n moontlikheid: As ek as seun van werkende middelklasouers op agtien ’n massale fortuin gewen het in ’n lotery, met ’n versekerde maandelikse dividend wat sou bly uitbetaal tot die einde van my fisiese bestaan, sou my gevolglike proses van selfdefiniëring ook, onder andere, nie die lastigheid ingesluit het om tot ’n bevredigende mate te moet verskyn aan ’n arbeidsmark ten einde in my eie daaglikse behoeftes te kan voorsien nie.

’n Derde moontlikheid sou wees as ek in my laat twintigs ’n produk ontwerp het wat my sedertdien miljoene besorg het in tantieme. In so ’n geval sou die karakter wat aan die ander kant van die proses-tonnel sou uitkruip, een gewees het wat – vanweë aanvanklike ervarings in my volwasse lewe – weet hoe dit voel om persoonlike verskynings aan te pas vir

inkomstedoeleindes, en ook weet hoe dit voel om dit nié meer te doen nie.

Eenvoudige konklusie: As jy toegang het tot voldoende kapitaal om dit onnodig te maak om ’n inkomste te verdien om jouself aan die lewe te hou, hoef jy nie te funksioneer op dieselfde wyse as mense wat daagliks moet arbei om te sorg vir kos, en ’n dak oor hulle koppe nie. En siende dat jy minder nodig het om op ’n wyse te funksioneer wat tot ’n groot mate voorgeskryf of sterk aanbeveel word, het jy meer ruimte om ander moontlikhede te ontdek vir jou persoonlike ontwikkeling, en om jou persoon op ander wyses te definieer.

Lees meer …

Die noodsaaklike onaangenaamheid – Beskikbare formate